

# **Wes Kaap Uithourit Assosiasie**

18 Mei 2019

Algemene Jaarvergadering te Torpedo plaas Goudini - 18 Mei 2019 om 16:00

## **President verslag - Louis Botha**

Ek gebruik graag die geleentheid om terugvoer te gee oor gebeure in ons sport gedurende dieafgeloopde jaar in die Wes Kaap.

Ek dink dit is gepas om die geleentheid te gebruik om elke lid wat ons ondersteun en vertrou te bedank - sonder die lede kan ons nie die sport in die regte rigting lei nie.

Aan my bestuur en die klub-voorsitters, baie dankie vir julle opoffering en bydrae die afgelope jaar. Julle ondersteuning beteken vir my onglooflik baie en maak dit vir my maklik om in hierdie stoel te sit. Die gees en positiewe betrokkenheid van die raad is merkwaardig. Daar is eenheid, vertroue en samehoorigheid op die raad en dit is 'n plesier om saam met julle almal te werk. Wes Kaap met 258 lede is gesamentlik die 3de grootste provinsie. 'n Gelukwensing aan al die klubs vir die aanbod van hoe gehalte ritte. Met al die uitdagings wat lede van die Wes Kaap het, moet daar melding gemaak word dat ons ruiters baie prominente verteenwoordiging het in Nasionale spanne en besonders presteer op groot ritte.

Wat maak die raad spesiaal en suksesvol?

- Ons ondersteun mekaar
- Ons gebruik persone met die nodige kennis op spesifieke gebiede
- Ons kan 'n probleem aanvat en op 'n volwasse en beskaafde manier oplos
- Die klubvoorsitters het goeie ondersteuning van hul lede en dit vergemaklik ons taak

- Ons het 'n gemeenskaplike doel: om vir die lede van die Wes Kaap so veel moontlik geleendghede te skep en regverdige deelname aan ons geliefde sport te verseker.

Wat het ons die laaste jaar bereik en gedoen?

'n Nuwe dinamiese bestuur is 'n jaar gelede verkies

- Ons het ons grondwet gewysig om te voldoen aan die van ERASA, WCEF en SAEF. Daar is 'n paar verdere wysigings wat ons bietjie later sal hanteer. Hierdie is die finale wysigings wat ERASA en SAEF versoek sodat ons grondwet aan alle vereistes voldoen. Die Wes Kaap is die voorlopers in hierdie gebied en daarom is dit te verstane dat daar groei pyn was. Dit is egter duidelik dat ons op die regte pad was vanaf dag een wat ons besluit het om te transformeer.
- Ons stuur amptelike Provinsiale spanne na Fauresmith 2018 en SAIC 2019 - van die min Provinsies wat dit kon regkry. Die betrokke spanbestuurders sal volledige terugvoer gee oor die twee byeenkomste. Dit is merkwaardig hoe die lede in span verband vir mekaar omgee en met trots hulle span drag dra, 'n gehegte familie gevoel word waar geneem en uitgestraal.
- Ons sit werkskomitees in plek om sekere aspekte en probleme vir ons te hanteer en na tevors.
- 'n Werkskomitee is op die been gebring om perdesiekte protokol en beperkings na tevors en voorstelle te bring. Hierdie komitee onder leiding van William van Zyl doen baie goeie werk, en het 'n groot bydrae tot verdere verwickelinge soos deur WCEF se President Sylvia reeds bekend gemaak.
- 'n Verdere werkskomitee vir die navorsing van kriteria en kwalifiseringvereistes vir deelname in spanne word op die been gebring. Onder leiding van Dominique van Zyl, is ek trots om te rapporteer dat hulle uitstekende werk verrig en my instaatstel om te verseker dat ons lede wat aan die kriteria en kwalifiseringvereistes voldoen en in ag geneem word. Die gesprek op baie se lippe is; wat het met die 160km Proteaspan gebeur voor SAIC 2019? 'n Span is aangekondig en 'n week later is 'n nuwe span aangekondig. Ek het gevoel dit is belangrik om die lede in te lig van presies wat daar gebeur het.

Die langlyste was uitgestuur aan alle lede om na te gaan en te verseker dat hulle inligting verskyn op die lys end at dit korrek is. Menige ruiter van die Wes Kaap se inligting was onvolledig en nie

korrek nie. Hierdie inligting is deur my aan die advieskomitee voorsien en gevra dat dit in ag geneem moet word. Daarna is die kortlyste aan die keurkomitee (9 Provinsiale Presidente) deurgegee in rangorde - hierdie bevat slegs die naam van die ruiter en die perd. Die keurkomitee het ongeveer 24 uur later 'n telefoon konferensie gehad om die voorgestelde spanne goed te keur. Die Wes Kaap en Oos Kaap het versoek dat daar seker gemaak moet word dat die uitstaande inligting wat verskaf was wel in ag geneem moes word asook dat daar sekerheid moes wees dat alle ruiters wat aan TOA deelgeneem het se statestiek in ag geneem was. Die keurkomitee het toe ooreengrkom dat die inligting en statestiek nagegaan sal word en dat ons (keurkomitee) dan weer 'n telekon sou hou om spanne goed te keur. Dit het egter nie gebeur nie en spanne is bloot gepubliseer. Ek het met die hulp van 'n paar lede 'n volledige ontleding gedoen en agtergekom dat die span nie volgens meriete en kriteria gekies was nie. Baie van ons ruiters is uitgelaat wat beter kwalifiseer het as diegene wat wel in die span was. Ek het dit so deurgegee en die span is gekanselleer en daarna het almal saam gewerk om te verseker dat die regte span op meriete en volgens kriteria verkies word. Die 9 Provinsiale presidente het elk hulle span voorgele en die span is toe aangekondig wat toe wel deelgeneem het. Dit is duidelik dat daar foute gemaak was, ons is egter nie hier om 'n 'blame game' te speel nie. Hierdie bestuur sal eerder deel wees van die oplossing dat 'n herhaling nie sal plaasvind nie. Ons is bly ons kon dit regstel en dat die meerderheid van die provinsies dit so kon insien. Daar is reeds nuwe prosese in plek gesit om 'n soortgelyke herhaling te probeer vermy in die toekoms, op ERASA-vlak, ons bedank hulle ook daarvoor. Dit was dan ook die hoofsaaklike rede vir die saamstelling van ons werkskomitee.

Ons is opgewonde oor die toekoms en trots op wat ons kon vermag tot op hede. Ek is beskikbaar vir elke lid indien enige persoon hulp of uitklaring benodig. Baie dankie vir al die lede, klubvoorsitters, beamptes, veeartse en die WCERA-raad vir julle toegewyde ondersteuning en vertrouwe in my en die raad.

Vriendelike Groete

Louis